**Skriflesing:** Psalm 65
**Tema:** Loof God vir water!

Dawid bevind hom in ‘n woestyn. Woestyne is plekke van dors. Hy vlug vir sy seun Absalom. Vir vier jaar het Absalom agter Dawid se rug gekonkel. Hy het ondersteuners bymekaargemaak om sy pa te onttroon. Nou moet Dawid die woestyn in vlug en hier stort sy hele kaartepaleis in duie. Hy is skielik ’n koning sonder ’n troon; ’n pa sonder ’n familie en ‘n teiken vir sy seun. Sy lewe, ideale en drome spat aan skerwe. Die man na God se hart is eensaam, verwerp en hartseer. Dawid se woestyn is ’n plek sonder status, vriende of rykdom. Hy is letterlik gestroop van alles wat eens sin gemaak het in sy lewe.

Op watter plek in jou lewe bevind jy jou? Is jy ook in die woestyn? Sommige woestyne kan ons nie vermy nie. Hoe hanteer of deurleef ons dit?

Vir Dawid is die woestyn ‘n plek van heroriëntasie. Hy kies om weg van homself, sy krisisse en vrae sonder antwoorde te kyk en God te sien. Hier in sy woestyntyd vind hy rede om te juig in God, in Wie Hy is. Hy sluit hy aan by bekende lied van Hab 3:17-19:
“Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.”

Nie net in sy voorspoed nie, ook wanneer dit swaar gaan, juig Hy in die Here.

**Dawid loof God vir water**

Vir lank het ons water in krane as vanselfsprekend aanvaar. Met die huidige droogte en damme wat leegloop, besef ons opnuut hoe kosbaar water is en dat dit ‘n geskenk uit die hand van die Here is.
Anders as die water in ons damme of tenke sal God se geestelike water van liefde en verlossing nooit opraak nie. Dit sal altyd in oorvloed beskikbaar wees. Maar ook dit mag nooit as vanselfsprekend aanvaar word nie.

**Ons loof God vir water!**
**Ons loof God vir die water van ons doop!**

Ons doop is God se versekering dat Hy ons kies om aan Hom te behoort.

In Johannes 15:16 sê die Here: “Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra.”

Hy is ons Vader wat ons gebede verhoor en ons sonde vergewe.
Ons lees in Psalm 65:3b-4: “Na U toe sal alle mense kom om hulle skuld te bely. Ons sondes het ons ingehaal, maar U maak ons daarvan vry.”
Soos water ons was skoon was, so was God ons skoon van ons sonde.

Hy kies om in 'n lewende verhouding met ons te staan. Ons verdien dit nie. Dit is nie asof ons iets bereik het of presteer het nie. As geringstes het God ons uitverkies. Toe ons niks was nie, het Hy in 'n lewende verhouding met ons kom staan.
Toe ons verdien het om gestraf te word, het Hy ons kom verlos.
God beweeg na ons toe. Dit is God wat ons eerste nader deur sy Seun Jesus Christus.
Dit is Hy wat ons innooi en dit is Hy wat ons instaat stel om nader aan Hom te kom. Selfs ons beweging na God toe, is God se inisiatief.
Dit is God wat ons tot in sy lewegewende teenwoordigheid nader trek deur sy Heilige Gees waar dit "goed gaan" met mense en waar daar "goeie dinge in oorvloed" is.

Met Jesus se koms het God se lewende water van genade en vergifnis, deernis en omarming alle mense oorvloei. Met die koms van die Heilige Gees is daar ook nou oorvloed ín mense, aangesien dit is waar God nou is.

Ons staan in lewende intieme verhouding – waarin Hy die inisiatief neem – met Hom.
En ons lees hiervan in Psalm 65:5 in die Boodskap: "Die gelukkigste mens op aarde is daardie persoon vir wie U uitkies en toelaat om by U te kom. U bring hom na U toe sodat hy saam met U kan lewe. Ons wil elke dag leef uit die goeie dinge wat U vir ons gee."

**Ons loof God vir die water van ons doop en dat Hy stormwater stilmaak!**
Hy is ons almagtige Here wat kragtige dade doen.

Deur sy krag laat Hy berge vasstaan.

In die tyd van die Psalm is die see gesien as 'n simbool van onrus. God laat die geruis van die see, die geraas van die golwe en die rumoer van die nasies bedaar.
Ons leef in 'n tyd vol geraas, oorloë en stakings en die goed dreig om ons te oorweldig, dit maak ons soms onseker en bang.
Maar in sy almag heers Hy oor alles en almal. Loof die Here – daar is geen einde aan sy mag nie – Hy maak stormwater stil!

**Ons loof God ook vir reënwater – vir Sy sorg vir elkeen van ons.**
Omdat Hy vir ons lief is, gee Hy. Hy gee in oorvloed, 'n oes, weiding en kleinvee in die velde. Dit is alles sy werk.

Hy voorsien in ons basiese behoeftes. Kos, water, klere en blyplek is geskenke uit sy hand. Wat ons is, is net genade, wat ons het, is net geleen.

Die Here se almag en sorg kring uit soos golwe wanneer 'n klip in die water gegooi word. Mense in afgeleë lande kry ontsag vir die tekens van sy mag. In die ooste en weste laat die Here mense juig. Op verre seë vertrou hulle op die Hom.

Dit maak dat ons as sy kinders, in wêreldwye aanbidding, juig en sing. Ons loof Hom met ons lewens, met ons stemme en met ons dankoffers.

Elkeen van ons was al iewers in moeilike woestyntye. Dalk was dit droogte of werk- of verhoudingsprobleme, krisisse op skool, toetse of eksamens?
Wat dit ook mag wees, elkeen van ons het al iewers deur 'n tyd gegaan wat rof was en waar ons nie seker was of ons dit sal oorleef nie. Almal van ons was al in diep moeilikheid en het na die Here om hulp geroep.
Hy kies om in ‘n verhouding met ons te staan, om ons sonde te vergewe en ons gebede te verhoor.
Hy het gehelp en sal ons weer help.
Daar is niks en niemand anders as ons God wat Almagtig is nie.
Daar is niks en niemand anders wat soos ons God vir ons sorg nie.
Wat ’n voorreg is dit om deur God ingenooi en vasgehou en versorg te word.
Saam met die ganse skepping, kom ons eer en loof die Here!
Kom ons gaan leef uit dankbaarheid teenoor Hom!
Amen.